1/79/1/7/7

GEHEIM

S.A.P. 51 (B).

No. S.1/4747

SUID-AFRIKAANSE POLISIE. SOUTH AFRICAN POLICE.

Privaatsak 94.
Private Bag 94.

Telefoon
Telephone

Telegramadres
Telegraphic Address „KOMPOL".

HOOFKANTOOR,
HEAD OFFICE,
PRETORIA.

- 7 -12- 1965

MINIST[ER VAN JUSTISIE]
17-12-1965
MINISTER OF JUSTICE

DIE KOMMISSARIS VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE POLISIE // DIE MINISTER VAN JUSTISIE.

ALAN KEITH BROOKS.

Dr. Ross K. Brooks het op 25 November 1965 besoek aan die Minister afgelê i.v.m. die moontlike loslating van sy seun ALAN wat gevangenisstraf uitdien weens sabotasie.

Dr. Brooks het tydens sy besoek met ILSE FISCHER, dogter van Abram FISCHER, in verbinding getree en sy het hom dan ook met sy vertrek na Salisbury na die lughawe vervoer.

Aangeheg is afskrifte van die volgende briewe op 26 November 1965 in besit van Ilse Fischer gevind, wat ŉ noue verband tussen Ilse Fischer en die Brooks aandui:-

(a) ŉ brief gedateer 5 September 1965 van RKB (Dr. Brooks) aan Ilse waarin Alan se aanhouding en sy besoek aan Alan bespreek word. H.B. is prokureur BERNADT wat namens Brooks optree. In die brief word ook vermeld van die gebruik maak van ŉ dekkingsadres vir briewe.

(b) ŉ brief gedateer 10 Julie 1965 van Dr. Brooks aan Ilse. Van die eerste paragraaf kan afgelei word dat hy dit bedoel om op bedekte wyse met haar te korrespondeer.

In die derde paragraaf bewonder hy sy seun se „courage, tenacity of purpose, loyalty" ens.

(c) ŉ brief gedateer 3 November 1965 van Alan aan sy vader, waarin daar geen sweem van berou deurskemer nie.

2/...

MJU 134, J21/22/vol 14

GEHEIM

Dit is nie bekend wat Dr. Brooks die Minister meegedeel het nie, maar die feit dat hy so nou met Ilse skakel, en wat van die inhoud van die briewe afgelei kan word, kan gesê word dat hulle nog nie van hulle ou weë afgesien het nie.

DIE KOMMISSARIS VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE POLISIE

HvN

MJU 134 JU 122/VOL 4